TAMBOTI VREUGDE 2021

VRIENDE KAMP

Januarie …. Kamptyd. Ons het almal so lank laas gekamp. Nou hoe gemaak? Ons mag nou nie as klub gaan kamp nie, nou besluit so paar van ons om maar net bloot as vriende te gaan kamp. En was dit nou 'n lekker stil kamp.

En so breek die naweek toe aan … van ons vriende het al vanaf Maandag gekamp. Ander van Woensdag af en die gewone werkende mense Vrydag. Ons moes dit maar stadig vat op die grondpad. Alles was darem nog in plek en heel met die aankoms by die kamp. Nie so erg gewees nie. Koeltebome was daar nie vreeslik om van te kies nie. Soek maar 'n gaaitjie en slaan kamp op.

Pieter het die lekkerste vetkoek en maalvleis gemaak vir aandete. Na die boekevat en ete is daar gekuier tot baie laat om die kampvuur.

Saterdag was heel rustig. Almal was rustig en het maar hulle tyd spandeer om te kuier en te swem. Later die middag was daar mos die Rugby. Wie het gespeel? Kan nie meer mooi onthou… was dit blou en rooi? Dit was nogal iets om te aanskou. Ons was besig om brood te beplan vir die aand en so tussendeur het die rugby entosiaste onder die "lapa" gesit en rugby kyk.

Die broodproe en braai het toe heel goed afgegaan. Daar was genoeg brode en slaai vir die hele kamp. Lekker gekuier so om die kampvuur tot laat. Onder tussen het ons gehoor van die winderige gas was oppad was "Eloise" is die naam van die dame. Ons het maar die voorsorg gemaak, maar sy het nie opgedaag in haar glorie nie, net wakker geword deur die nag met 'n sagte reëntjie op die karavaan se dak. Sondag oggend was alles lekker nat. Eintlik koud.

Magdaleen het vir ons die oggend oordenking gedoen. Daarna het ons so bietjie om die koektafel gekuier met 'n koppie boeretroos.

Weereens was dit 'n rustige vriende-kuier-kamp gewees.

Kyk bietjie na die fotos dan kan julle sien hoe is daar gekuier.

Groete tot volgende keer.

Saterdag – Kuier, Rugby
en heerlike brood en slaai

Boekevat– Saterdag
aand
Tannie Ann -
Gelukwensing met
Gebied Ere
Toekenning
Kuier na Sondag oggend
boodskap


I hope that you
become filled with
so much happiness
that it heals every
part of you.